

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

8182

8182

Friday, 29 November 2019

Vrydag, 29 November 2019

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
Proclamation	
9 Museums Ordinance, 1975 (Ordinance 8 of 1975) Declaration of the Elands Bay Museum as a Local Museum	874
Tenders:	
Notices	874
Local Authorities	
Cederberg Municipality: Removal of Restrictions and Subdivision	877
City of Cape Town: Amendment of Conditions	879
City of Cape Town: Removal of Conditions	877
City of Cape Town: Removal of Conditions	882
Knysna Municipality: Removal of Restrictions	874
Oudtshoorn Municipality: Notice of New Draft Integrated Zoning Scheme By-Law	880
Overstrand Municipality: Removal of Restrictions, Rezoning and Departure	878
Swartland Municipality: Rezoning and Consent Use	875
Swellendam Municipality: Hermitage Local Overlay Zone	876
Swellendam Municipality: Removal of Restrictions	877
Theewaterskloof Municipality: Closure	881

Nr.	Bladsy
Proklamasie	
9 Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975) Verklaring van die Elandsbaai Museum as 'n Plaaslike Museum	874
Tenders:	
Kennisgewings	874
Plaaslike Owerhede	
Cederberg Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings en Onderverdeling	877
Stad Kaapstad: Amendment of Conditions (English only).....	879
Stad Kaapstad: Opheffing van Beperkings.....	877
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	882
Knysna Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	874
Oudtshoorn Munisipaliteit: Kennisgewing van Nuwe Konsep Geïntegreerde Soneringskema Verordening	880
Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings, Hersonering en Afwyking	878
Swartland Munisipaliteit: Hersonering en Vergunningsgebruik ..	875
Swellendam Munisipaliteit: Hermitage Plaaslike Oorlegsgone	876
Swellendam Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings.....	877
Theewaterskloof Munisipaliteit: Sluiting	881

PROCLAMATION**NO. 9/2019****MUSEUMS ORDINANCE, 1975 (ORDINANCE 8 OF 1975)****DECLARATION OF THE ELANDS BAY MUSEUM AS A LOCAL MUSEUM**

Under section 34(3) of the Museums Ordinance, 1975 (Ordinance 8 of 1975), I, Anroux Johanna Marais, Provincial Minister for Cultural Affairs and Sport in the Western Cape, declare the Elands Bay Museum as a local museum, with effect from 1 December 2019, and assign the name Elands Bay Museum thereto.

Signed at Cape Town on this 28th day of November 2019.

AJ MARAIS
PROVINCIAL MINISTER OF CULTURAL AFFAIRS AND SPORT

PROKLAMASIE**NR. 9/2019****MUSEUMORDONNANSIE, 1975 (ORDONNANSIE 8 VAN 1975)****VERKLARING VAN DIE ELANDSBAAI MUSEUM AS 'N PLAASLIKE MUSEUM**

Kragtens artikel 34(3) van die Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975), verklaar ek, Anroux Johanna Marais, Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap, die Elandsbaai Museum as 'n plaaslike museum, met ingang van 1 Desember 2019, en wys ek die naam Elandsbaai Museum daaraan toe.

Geteken te Kaapstad op hierdie 28ste dag van November 2019.

AJ MARAIS
PROVINSIALE MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT

UMPOSHO**NOMB. 9/2019****UKUMISELWA KWEMYUZIYAMU, 1975 (UMTHETHO 8 KA-1975)****UKUBHENGEZWA KWEMYUZIYAMU I-ELANDS BAY NJENGEMYUZIYAMU YENGINQI**

Phantsi kwecandelo 34(3) leMiselo lweMyuziyamu, 1975 (uMthetho 8 ka-1975), mna, Anroux Johanna Marais, uMphathiswa wePhondo weSebe leMicimbi yeNkcubeko neMidlalo eNtshona Koloni, ndazisa iMyuziyam i-Elands Bay njengemyuziyamu yengingqi, ukusukela ngomhla woku-1 kweyoMnga 2019, ize ke ngoko inikwe igama elithi iMyuziyamu i-Elands Bay.

Ityikitywe eKapa ngalo mhla wama-28 kweyeNkanga 2019.

AJ MARAIS
UMPHATHISWA WEPHONDO WEMICIMBI YENKCUBEKO NEMIDLALO

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES

KNYSNA MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITIONS:
ERF 1554, SEDGEFIELD****KNYSNA MUNICIPALITY BY-LAW ON
MUNICIPAL LAND USE PLANNING (2016)**

Notice is hereby given in terms of Section 33(7) of the Knysna Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning (2016) that a decision has been taken on 18 November 2019, by the Director: Planning and Development, Ms Marlene Boyce, in terms of Section 60, to remove conditions D9 and D13, as contained in Title Deed T634/1986, applicable to Erf 1554, Sedgfield.

DR SW VATALA, MUNICIPAL MANAGER

29 November 2019

58416

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE

KNYSNA MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES:
ERF 1554, SEDGEFIELD****KNYSNA MUNISIPALITEIT VERORDENING OP
MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING (2016)**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 33(7) van die Knysna Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2016, dat 'n besluit geneem was op 18 November 2019 deur die Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling, Me. Marlene Boyce, ingevolge Artikel 60, dat voorwaardes D9 en D13 opgehef word, soos vervat in die Titelakte T634/1986, wat betrekking het op Erf 1554, Sedgfield.

DR SW VATALA, MUNISIPALE BESTUURDER

29 November 2019

58416

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 46/2019/2020

**PROPOSED REZONING AND CONSENT USE
ON PORTION 5 OF FARM ORANGERIE ANNEX
NO 845, DIVISION MALMESBURY**

Applicant: CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.
Tel No. 022-482 1845

Owner: Horseshoe Investments 0023CC, PO Box 134, Constantia, 7848.
Tel No. 076 642 1336

Reference number: 15/3/3-15/Farm_845/05
15/3/10-15/Farm_845/05

Property description: Portion 5 of farm Orangerie Annex no. 845,
Division Malmesbury

Physical address: ±11km south east of Malmesbury

Detailed description of proposal: An application for the rezoning of a portion of portion 5 of farm Orangerie Annex no. 845, Division Malmesbury, in terms of Section 25(2)(a) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law (PG 7741 of 3 March 2017) has been received. It is proposed that a portion (±2014m²) be rezoned from Agriculture zone 1 to Agriculture zone 2 in order to expand the existing winery and include storage facilities.

An application for the consent use for additional dwelling units on portion 5 of farm Orangerie Annex no. 845, Division, in terms of Section 25(2)(o) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law (PG 7741 van 3 March 2017), has been received. It is proposed that 2 additional dwelling units be created for guest accommodation.

Notice is hereby given in terms of Section 55(1) of the By-Law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of Section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299. Fax: 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before **24 Januarie 2020 at 17:00**, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices,
1 Church Street, MALMESBURY, 7300

29 November 2019

58415

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 46/2019/2020

**VOORGESTELDE HERSONERING EN
VERGUNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE 5 VAN PLAAS
ORANGERIE ANNEX NR 845, AFDELING MALMESBURY**

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.
Tel Nr 022-482 1845

Eienaar: Horseshoe Investments 0023CC, Posbus 134, Constantia, 7848.
Tel Nr 076 642 1336

Verwysingsnommer: 15/3/3-15/Farm_845/05
15/3/10-15/Farm_845/05

Eiendomsbeskrywing: Gedeelte 5 van plaas Orangerie Annex nr 845,
Afdeling Malmesbury

Fisiese Adres: ±11km suidoos van Malmesbury

Volledige beskrywing van aansoek: Aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 5 van plaas Orangerie Annex nr 845, Afdeling Malmesbury, ingevolge Artikel 25(2)(a) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017), is ontvang. Dit word voorgestel dat 'n gedeelte (±2014m²) hersoneer word vanaf Landbousone 1 na Landbousone 2 ten einde die bestaande wynkelder uit te brei en sluit stoorfasiliteite in.

Aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir addisionele wooneenhede op gedeelte 5 van plaas Orangerie Annex nr 845, Afdeling Malmesbury, ingevolge Artikel 25(2)(o) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017), is ontvang. Dit word voorgestel dat 2 addisionele wooneenhede geskep word vir gaste akkommodasie.

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge Artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299. Faks: 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **24 Januarie 2020 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede asook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

JJ SCHOLTZ, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore,
Kerkstraat 1, MALMESBURY, 7300

29 November 2019

58415

**SWELLENDAM MUNICIPALITY
HERMITAGE LOCAL OVERLAY ZONE**

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Swellendam Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015, that Council has resolved to approve a Local Area Overlay Zone for the Hermitage Valley as depicted on Plan 1, below. The Overlay Zone will be incorporated into the Swellendam Integrated Zone Scheme Regulations, 2014, and serves to introduce specific local development rules and management provisions to the defined geographical area.

Notice No.: S79/2019

AM GROENEWALD, MUNICIPAL MANAGER


**SWELLENDAM MUNISIPALITEIT
HERMITAGE PLAASLIKE OORLEGSONE**

Kennis geskied hiermee in gevolge Artikel 45 van die Swellendam Munisipaliteit se Verordeninge op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015, dat die Raad 'n Plaaslike Oorlegzone vir die Hermitage Vallei, soos op Plan 1 hieronder aangedui, goedgekeur het. Die Oorlegzone sal by die Swellendam Geïntegreerde Sonering Skema Regulasies, 2014, geïnkorporeer word. Die Oorlegzone dien om spesifieke plaaslike ontwikkelingsreëls en bestuursvereistes binne die bepaalde geografiese gebied in te lei.

Kennisgewing Nr: S79/2019

AM GROENEWALD, MUNISIPALE BESTURDER

Hermitage Valley Overlay Zone



SWELLENDAM MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIONS
ERF 2322, SWELLENDAM****SWELLENDAM MUNICIPALITY BY-LAW
ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING, 2015**

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Swellendam Municipality Municipal Planning By-Law, PN 213/2015, that the Municipality has on application by the owner of Erf 2322, Swellendam, deleted conditions as contained in Title Deed No. T8586/2004, in respect of Erf 2322, Swellendam, in the following manner:

Deletion of conditions in Title Deed No. T8586/2004 in terms of Section 33 of the By-Law:

Clause D1: "Geen gebou vir besigheidsdoeleindes, mag op die grond wat hiermee getranspoteer word, opgerig word nie."

Clause D2: "Geen huise vir nie-blankes, stalle of hoenderhokke mag op bogemelde grond opgerig word nie."

Notice No.: S78/2019

AM GROENEWALD, MUNICIPAL MANAGER

29 November 2019

58418

CITY OF CAPE TOWN

MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Chantal Stephenie Oliver/365, removed conditions as contained in Title Deed No. T 73255/2012, in respect of Erf 365, Parow, in the following manner:

Removed condition: clause D.5(b) and (d)

- (b) it may only be used for the purpose of erecting thereon one dwelling together with such outbuildings as are ordinarily required to be used therewith.
- (d) no building or structure or any portion thereof, except boundary walls or fences, shall be erected nearer than 6,30 metres from the street line forming the boundary of this erf, nor within 3,15 metres from the rear boundary or 1,57 metres from the lateral boundary common to an adjoining erf, provided that with the consent of the local authority, an outbuilding not exceeding 3,05 metres measured from the floor to the wall plates, may be erected within the lateral space prescribed above and within the lateral space prescribed above for a distance of 9,45 metres from the rear boundary. When any two or more erven are consolidated, the condition applies to the consolidated area as one erf.

29 November 2019

58421

CEDERBERG MUNICIPALITY

NOTICE: 149/2019**REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS
AND SUBDIVISION: ERF 503, CLANWILLIAM**

Notice is hereby given in terms of Section 33(6) of the Cederberg Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019) the removal of conditions B.4.(a), B.4.(b), B.4.(c) and B.4.(d), applicable to Erf 503, Clanwilliam as contained in Title Deed T26059/2005.

PL VOLSCHENK, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Office, 2A Voortrekker Street, CLANWILLIAM, 8135

29 November 2019

58425

SWELLENDAM MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES
ERF 2322, SWELLENDAM****SWELLENDAM VERORDENING OP MUNISIPALE
GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45 van die Swellendam Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, PK 213/2015, dat die Munisipaliteit na aanleiding van 'n aansoek deur die eienaar van Erf 2322, Swellendam, die onderstaande voorwaarde soos vervat in Titelakte Nr T8586/2004, geskrap het:

Skrapping van voorwaardes in Titelakte Nr T8586/2004 ingevolge Artikel 33 van die Verordening:

Klousule D1: "Geen gebou vir besigheidsdoeleindes, mag op die grond wat hiermee getranspoteer word, opgerig word nie."

Klousule D2: "Geen huise vir nie-blankes, stalle of hoenderhokke mag op bogemelde grond opgerig word nie."

Kennisgewing Nr: S78/2019

AM GROENEWALD, MUNISIPALE BESTUURDER

29 November 2019

58418

STAD KAAPSTAD

VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur Chantal Stephenie Oliver/365, die volgende voorwaardes soos vervat in Titelakte Nr T 73255/2012, ten opsigte an Erf 365, Parow, opgehef het:

Voorwaarde opgehef: klousule D.5(b) en (d)

- (b) dit mag alleen gebruik word vir die doel om een woning tesame met die buitegeboue wat gewoonlik in verband daarmee gebruik word, daarop op te rig.
- (d) geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, behalwe grensmure en heinings mag nader as 6,30 meter van die straatlyn wat 'n grens van hierdie erf uitmaak, opgerig word nie, asook nie binne 3,15 meter van die agtergrens of 1,57 meter van die sygrens gemeen daaraan en aan 'n aangrensende erf nie, met dien verstande dat 'n buitegebou van nie hoër as 3,05 meter nie, gemeet van die vloer tot by die muurplate, met die toestemming van die plaaslike owerheid binne die hierbo voorgeskrewe agterruimte en binne hierbo voorgeskrewe syruimte vir 'n afstand van 9,45 meter gereken van die agtergrens opgerig mag word. Wanneer enige twee of meer erwe gekonsolideer word, is hierdie voorwaarde op die gekonsolideerde oppervlakte as een erf van toepassing.

29 November 2019

58421

CEDERBERG MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING: 149/2019**OPHEFFING VAN TITELAKTE VOORWAARDES EN
ONDERVERDELING: ERF 503, CLANWILLIAM**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 33(6) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019) dat die titelvoorwaardes B.4.(a), B.4.(b), B.4.(c) en B.4.(d) vervat in Titelakte T26059/2005 van toepassing op Erf 503, Clanwilliam opgehef is.

PL VOLSCHENK, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantoor, Voortrekkerstraat 2A, CLANWILLIAM, 8135

29 November 2019

58425

OVERSTRAND MUNICIPALITY

ERF 120, 14 GEELBEK STREET, VAN DYKSBAAI: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS, REZONING AND DEPARTURE: WRAP (obo KS MACLEAN)

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015 (By-Law) of the following applications that have been received, namely:

Removal of Restrictive Title Deed Conditions

Application in terms of Section 16(2)(f) of the By-Law for the removal of restrictive title deed conditions C.(e), C.(f), C.(g)(i), C.(g)(ii), C.(h), C.(i) and C.(j) as contained in Title Deed T113479/2003 to permit the proposed application.

Rezoning

Application in terms of Section 16(2)(a) of the By-Law to rezone the property from Residential Zone 1: Single Residential to Business Zone 3: Local Business.

Departure

Application in terms of Section 16(2)(b) of the By-Law to relax the southern lateral building line from 3m to 1,5m to accommodate the existing garage and boat house, and also to relax the rear building line from 4,5m to 1,5m to accommodate the bathroom and shark cage diving office.

Details regarding the proposal is available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Department: Town Planning at 16 Paterson Street, Hermanus and at the Gansbaai Library, Main Road, Gansbaai.

Any written comments must be submitted in accordance with the provisions of Sections 51 and 52 of the said By-law and reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus/(f) 028 313 2093/(e) aconradie@overstrand.gov.za) on or before **31 January 2020**, quoting your name, address and contact details, interest in the application and reasons for comment. Telephonic enquiries can be made to the **Senior Town Planner, Mr. SW van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot read or write may visit the Town Planning Department where a municipal official will assist them in order to formalize their comment.

Municipal Notice No. 179/2019

MUNICIPAL MANAGER, OVERSTRAND MUNICIPALITY, PO Box 20, HERMANUS, 7200

29 November 2019

58419

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

ERF 120, GEELBEKSTRAAT 14, VAN DYKSBAAI: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTEVOORWAARDES, HERSONERING EN AFWYKING: WRAP (nms KS MACLEAN)

Kragtens Artikels 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Verordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015 (Verordening) word hiermee kennis gegee van die onderstaande aansoeke wat ontvang is, naamlik:

Opheffing van Beperkende Titelaktevoorwaardes

Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(f) van die Verordening vir die opheffing van beperkende titelaktevoorwaardes C.(e), C.(f), C.(g)(i), C.(g)(ii), C.(h), C.(i) en C.(j) soos vervat in Titelakte T113479/2003 om die voorgestelde aansoek toe te laat.

Hersonering

Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(a) van die Verordening om die eiendom vanaf Residensiële sone 1: Enkel Residensiël na Sake sone 3: Plaaslike Sake te hersoneer.

Afwyking

Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(b) van die Verordening om die suidelike laterale boulyn vanaf 3m na 1,5m te verslap om die bestaande motorhuis en boothuis te akkommodeer; asook om die agterboulyn vanaf 4,5m na 1,5m te verslap om die badkamer en die "shark cage diving" kantoor te akkommodeer.

Besonderhede aangaande die voorstel lê ter insae gedurende weksdae tussen 08:00 en 16:30 by die Departement: Stadsbeplanning te Patersonstraat 16, Hermanus en by die Gansbaai Biblioteek, Hoofweg, Gansbaai.

Enige kommentare moet skriftelik ingedien word ingevolge die bepalinge van Artikels 51 en 52 van die Verordening en die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus/(f) 028 313 2093/(e) aconradie@overstrand.gov.za) bereik voor of op **31 Januarie 2020**, met u naam, adres en kontak besonderhede, belang in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die **Senior Stadsbeplanner, Mnr. SW. Van der Merwe** by 028 313 8900. Die Munisipaliteit mag weier om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan lees of skryf nie kan die Departement Stadsbeplanning besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

Munisipale Kennisgewing Nr 179/2019

MUNISIPALE BESTUURDER, OVERSTRAND MUNISIPALITEIT, Posbus 20, HERMANUS, 7200

29 November 2019

58419

UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

ISIZA 120, 14 GEELBEK STREET, EVAN DYKSBAAI: ISICELO SOKUSUSWA KWEZITHINTELO NGOKWEMIGAQO, UKUCANDWA NGOKUTSHA, NOKUPHAMBUKA: WRAP (EGAMENI LIKA KS MACLEAN)

Esi saziso sikhutshwa ngokwemiqathango yeSoloty 47 no 48 loMthethwana kaMasipala waseOverstrand woYilo lokuSetyenziswa koMhlaba wowama-2015 ngokwezicelo esifunyenweyo esicapazela ezichazwe ngezantsi:

Ukususwa Kwezithintelo Ngokwemigaqo

Isicelo ngokweSoloty 16(2)(f) laloMthethwana sokushenxiswa kwemiqathango yeemeko ezithintela itayitile ngokwemihlathi C.(e), C.(f), C.(g)(i), C.(g)(ii), C.(h), C.(i) kwaye C.(j) njengoko kuqukethwe kwiTitle Deed T113479/2003 ukuvumela esisicelo.

Ukucandwa Ngokutsha

Isicelo ngokweSoloty 16(2)(a) laloMthethwana ukucandwa ngokutsha ipropathi ukusuka kwiNdawo yokuHlala 1: Indawo yokuHlala Eyodwa ukuya kwiNdawo Eyoshishino 3: Ishishini leNgingqi.

Ukuphambuka

Isicelo ngokweSoloty 16(2)(b) iLaloMthethwana ukuvumela okulandelayo ukuphambuka kumgca wesakhiwo ukusuka ku 3m ukuya ku 1,5m ukuvumela igaragi kwaye nendlu yesikhephe, kwaye ukuphambuka kumgca wesakhiwo ukusuka ku 4,5m ukuya ky 1,5m ukuvumela igumbi langasese kwaye iofisi enxulumene nokuntywila ukrebe.

Iinkcukacha mayela nesindululo siyafumaneka ukuze sihlolwe phakathi evekini ngamaxesha omsebenzi ukusuka kwintsimbi ye08:00 ukuya kweye16:30 kwiSebe: Izicwangciso Zedolophu kwanombolo 16 Paterson Street, eHermanus nakwithala lencwadib eGansbaai, Main Road, eGansbaai.

Naziphi na izimvo ezibhaliweyo zingangeniswa ngokwezibonelelo zamaSoloty ama-51 nama-52 kwaMasipala (16 Paterson Street, Hermanus/(f) 028 313 2093/(e) aconradie@overstrand.gov.za) ngoLwesihlanu okanye ngaphambi ko, **31 EyoMqungu (uJanuwari) 2020**, ukhankanye igama lakho, idilesi, iinkcukacha ofumaneka kuzo, umdla wakho kwesi sicelo nezizathu zokunika izimvo. Imibuzo ngefowuni ingabhekiswa kuMphathi kuCwangciso lweDolophu, **uMnu. SW van der Merwe** ku-028 313 8900. UMasipala angala ukwamkela izimvo ezifike emva komhla wokuvala. Nabani na ongakwazi ukufunda okanye ukubhala angaya kwiCandelo leDolophu apho igosa likamasipala liza kumnceda avakalise izimvo zakhe ngokusemethethweni

Inothisi kaMasipala. 179/2019

UMLAWULI KAMASIPALA, KUMASIPALA WASE-OVERSTRAND, PO Box 20, HERMANUS, 7200

29 kweyeNkanga 2019

58419

CITY OF CAPE TOWN
MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Andrew Pratt Town Planning (Pty) Ltd to amend a condition as contained in Title Deed No. T T14328/2012 in respect of Erf 220, Green Point, in the following manner:

1.1 Amendment of title deed condition B.

“SUBJECT to the endorsement in terms of Section 6(1) of Act 1967 dated the 27th June 2008 whereby condition 5 contained in Schedule “A” to T8644/1914 has been amended to read as follows:

“That not more than 60% of the area of tis erf be built upon.”

To be amended to read as follows;

“SUBJECT to the endorsement in terms of Section 6(1) of Act 1967 dated the 27th June 2008 whereby condition 5 contained in Schedule “A” to T8644/1914 has been amended to read as follows:

“That not more than 75% of the area of tis erf be built upon.”

29 November 2019

58420

OUDTSHOORN MUNICIPALITY
NOTICE OF NEW DRAFT INTEGRATED
ZONING SCHEME BY-LAW FOR THE LARGER
OUDTSHOORN MUNICIPALITY

NOTICE NO. 328/2019

Notice is hereby given that Oudtshoorn Municipality intends to adopt an Integrated Zoning Scheme By-Law in terms of Section 12 of the Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) and Section 24(1) of the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013) and Section 22(1) of the Western Cape Land Use Planning Act, 2014 (Act 3 of 2014) and is hereby released for public participation for a period of 60 days.

A Zoning Scheme is a legal document that sets out development guidelines and constraints to control land uses and the development of immovable property. A Zoning Scheme affects all landowners by determining and controlling land use rights on all properties and also imposing development rules (zoning, building lines, densities and height restrictions, etc.). The proposed Oudtshoorn Integrated Zoning Scheme By-Law (GOIZSB) will replace all existing Zoning Scheme Regulations applicable to the Oudtshoorn Municipal Area.

Copies of the DRAFT GOIZSB can be viewed at the following points:

- (i) Department: Planning & Development, 92 St John Street;
- (ii) Libraries in Dysselsdorp and De Rust
- (iii) Oudtshoorn Municipality's web site on the internet.

The municipality hereby invites all interested parties to comment on the DRAFT GOIZSB. Any suggestions and inputs that are submitted will be considered during the finalization of the final DRAFT GOIZSB, before it is finally approved by the Council of Oudtshoorn Municipality.

Notice is also given that the draft zoning plans will be available for inspection for a period of 60 days from 29 November 2019 at:

- (i) Department: Planning & Development, 92 St John Street;
- (ii) Libraries in Dysselsdorp and De Rust;
- (iii) Oudtshoorn Municipality's web site on the internet.

Public open days will be held at the following venues on the dates and times as indicated, during which landowners can still visit the zoning plans and obtain more information regarding the proposed by-law. Municipal representatives will be available to answer your questions.

Date	Venue	Time
20 January 2020	CJ Langenhoven Library	9h00 – 14h00
21 January 2020	Dysselsdorp Library	9h00 – 14h00
22 January 2020	De Rust Library	9h00 – 14h00

Although all measures have been taken to ensure that the new zoning of a property corresponds to the current zoning, it is the responsibility of each landowner to determine whether the correct land use rights have been granted.

Written submissions or disputes regarding allocated zoning can be submitted to the Department: Planning & Development, Oudtshoorn Municipality, PO Box 255, Oudtshoorn, 6625, by no later than 29 January 2020. Persons who cannot write can make their input verbally at the municipal offices of the Department: Planning & Development, where an official will assist in writing the comments. Inquiries can be directed to Department: Planning (044) 203 3000.

A PAULSE, MUNICIPAL MANAGER,
CIVIC CENTRE, OUDTSHOORN

29 November 2019

58422

OUDTSHOORN MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING VAN NUWE KONSEP GEÏNTEGREERDE
SONERINGSKEMA VERORDENING VIR GROTER
OUDTSHOORN MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING NR 328/2019

Kennis word hiermee gegee dat Oudtshoorn Munisipaliteit van voorneme is om 'n Geïntegreerde Soneringskema Verordening aan te neem in gevolge Artikel 12 van die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) en Artikel 24(1) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) en Artikel 22(1) van die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014), en word hiermee vrygestel vir publieke deelname vir 'n periode van 60 dae.

'n Soneringskema is 'n regsdocument wat ontwikkelingsriglyne en beperkinge daarstel om grondgebruik en die ontwikkeling van onroerende eiendom te beheer. 'n Soneringskema affekteer alle grondeienaars deurdat dit grondgebruik regte op alle eiendomme bepaal en beheer en ook ontwikkelingsreëls oplê (sonerings, boulyne, digthede en hoogtebeperkings, ens.). Die voorgestelde Oudtshoorn Geïntegreerde Soneringskema Verordening (GOGSSV) sal alle bestaande Soneringskema Regulasies van toepassing op die Oudtshoorn Munisipale area, vervang.

Afskrifte van die KONSEP GOGSSV kan besigtig word by die volgende punte:

- (i) Departement: Beplanning & Ontwikkeling; St. Johnstraat 92
- (ii) Biblioteke te Oudtshoorn, Dysselsdorp en De Rust;
- (iii) Oudtshoorn Munisipaliteit se web-tuiste op die internet.

Die munisipaliteit rig hiermee 'n uitnodiging aan alle belanghebbende partye om kommentaar te lewer op die KONSEP GOGSSV. Enige voorstelle en insette wat gelewer word sal oorweeg word tydens die finalisering van die finale KONSEP GOGSSV, alvorens dit finaal deur die Raad van Oudtshoorn Munisipaliteit goedgekeur word.

Kennis word hiermee ook gegee dat die konsep soneringsplanne beskikbaar sal wees vir besigtiging vir 'n tydperk van 60 dae vanaf 29 November 2019 by:

- (i) Departement: Beplanning & Ontwikkeling; St. Johnstraat 92
- (ii) Biblioteke te Oudtshoorn, Dysselsdorp en De Rust;
- (iii) Oudtshoorn Munisipaliteit se web-tuiste op die internet.

Publieke ope dae sal gehou word by die volgende lokale op die datums en tye soos aangedui, waartydens grondeienaars steeds die soneringskaarte kan besigtig en meer inligting kan bekom in verband met die voorgestelde verordeninge. Munisipale verteenwoordigers sal beskikbaar wees om u te woord te staan om vrae in die verband aan te spreek.

Datum	Lokaal	Tyd
20 Januarie 2020	CJ Langenhoven Biblioteek	9h00 – 14h00
21 Januarie 2020	Dysselsdorp Biblioteek	9h00 – 14h00
22 Januarie 2020	De Rust Biblioteek	9h00 – 14h00

Alhoewel alle maatreëls getref is om te verseker dat die nuwe sonering van 'n eiendom ooreenstem met die huidige sonering, berus die verantwoordelikheid by elke grondeienaar om vas te stel of die korrekte grondgebruiksregte toegekene is.

Geskrewe voorleggings of dispuute rakende toegekene sonerings kan ingedien word by die Departement: Beplanning & Ontwikkeling, Oudtshoorn Munisipaliteit, Posbus 255, Oudtshoorn, 6625, teen nie later as 29 Januarie 2020 nie. Persone wat nie kan skryf nie, kan hulle insette mondelings by die munisipale kantore van die Departement: Beplanning doen, waar 'n amptenaar behulpsaam sal wees om die kommentaar op skrif te stel. Navrae kan gerig word aan Departement: Beplanning & Ontwikkeling (044)203 3000.

A PAULSE, MUNISIPALE BESTUURDER,
BURGERSENTRUM, OUDTSHOORN

29 November 2019

58422

THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

**CLOSURE OF PORTION OF DORIAN SQUARE
ADJOINING ERVEN 702 AND 1336, GREYTON**

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Theewaterskloof Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (2015), that a portion (919m²) of the remainder of Erf 650, Greyton has been closed as public place.

The reference number of the Surveyor-General is S/7768/25 v2 p25.

MR JC PIENAAR, MANAGER: TOWN PLANNING AND BUILDING CONTROL, Theewaterskloof Municipality, PO Box 24, Caledon, 7230

THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT

**SLUITING VAN GEDEELTE VAN DORIAN PLEIN
AANGRENSEND AAN ERWE 702 EN 1336, GREYTON**

Kennisgewing geskied hiermee kragtens Artikel 45 van die Theewaterskloof Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruibepanning (2015), dat 'n gedeelte (919m²) van die restant van Erf 650, Greyton as openbare ruimte gesluit is.

Die Landmeter-Generaal se verwysingsnommer is S/7768/25 v2 p25.

MNR JC PIENAAR, BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER CONTROL, Theewaterskloof Munisipaliteit, Posbus 24, Caledon, 7230

Tel: (021) 467 4800

Fax: (021) 465 3008

**VAN DYK
PROFESSIONAL LAND SURVEYORS
PO BOX 2025
HERMANUS
7200**

Attention: Pauline Spronk

Madam

SURVEYOR GENERAL-WESTERN CAPE
PRIVATE BAG X9028
CAPE TOWN
8000

2019-11-07

MY REF: S/7768/25 v2 p25

Your ref: V18140
Dated: 2018-03-15

FINAL CERTIFICATE**CLOSURE OF PORTION OF DORIAN SQUARE ADJOINING ERVEN 702 AND 1336
GREYTON.**

It is hereby certified that all my requirements in regard to the above have been met.

NB:

When submitting the final closure notice in terms of Section 43(1)(f) of LUPA ACT 3/2014 or in terms of Section 45(1)(f) of Theewaterskloof Municipal By-Law 2015 to the Director of Local Government, it must be accompanied by a copy of this certificate. Failure to do so, will lead to the refusal by the Director to publish the notice.

To expedite this matter please notify me after the final notice of closure has appeared in the Official Gazette or has been advertised in the local media.

The wording must be strictly in accordance with the above heading.

Yours faithfully



D CLOETE
For SURVEYOR-GENERAL: WESTERN CAPE

**NB: The Surveyor-General's
reference must be quoted
in the Notice of closure in
the Official Gazette.**

CITY OF CAPE TOWN

MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of Section 48(5)(a) of the City of Cape Town: Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by 311 Carpe Diem Melkbosstrand (Proprietary) Limited/Erf 65, removed conditions as contained in Title Deed No. T25762/2016, in respect of Erf 65, Monte Vista, in the following manner:

Removed conditions: clauses B(b), (c) and (d)

- (b) That only one dwelling together with such outbuildings as are ordinarily required to be used therewith be erected on this erf.
- (c) That not more than one third of the area of this erf be built upon.
- (d) That no building or structure or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 4,72 metres to the street line which forms a boundary of this erf. Such building or structure shall be situated within 1,57 metres of the lateral boundary common to any adjoining erf.

29 November 2019

58423

STAD KAAPSTAD

VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van Artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur 311 Carpe Diem Melkbosstrand (Eiendoms) Beperk/Erf 65, die volgende voorwaardes soos vervat in Titelakte Nr T25762/2016, ten opsigte van Erf 65, Monte Vista, opgehef het:

Voorwaardes opgehef: klousules B(b), (c) en (d)

- (b) Dat slegs een woning asook die buitegeboue wat normaalweg nodig is om daarmee saam te gebruik word, op hierdie erf opgerig word.
- (c) Dat nie meer as 'n derde van die oppervlakte van hierdie erf bebou word nie.
- (d) Dat geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, buiten grensmure en heinings, nader as 4,72 meter aan die straatlyn wat 'n grens van hierdie erf vorm, opgerig word nie. Geen sodanige gebou of struktuur mag nader as 1,57 meter vanaf die laterale gemeenskaplike grens met enige aangrensende erf geleë wees nie.

29 November 2019

58423